



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief Newsletter

31 | 2023
01 | 12 | 2023



Hierdie is die laaste uitgawe vir 2024.
'n Kwartaalbrief word wel saam met die rapporte uitgestuur.

BELANGRIKE DATUMS

Mo., 4 Dec. – Learners check answer sheets (8h30-10h00)

Di., 12 Des. – Skool sluit vir leerders

Do., 14 Des. – Skool sluit vir opvoeders

PERSONEEL

Twee lede van die BD-familie, me Anneri Slabbert (Afrikaans-opvoeder) en mnr Piet Smit (Finansies), het die afgelope naweek hul tekkies afgestof en gewys dat hul beslis die spreekwoord "as fit as a fiddle" gestand doen. Baie geluk, jul is bittereinders!

Me Slabbert het die Vlake Halfmarathon in Witsand suksesvol voltooi en mnr Piet Smit (Finansies) die Wijnland Halfmarathon in Stellenbosch.



GELUKKIGE VERJAARSDAG!



Vry., 8 Desember – Mnr Piet Jacobs
So., 10 Desember – Mnr William Matthys

PUNTE KONTROLEER

Leerders kan op Maandag, 4 Desember, vanaf 8h30 tot 10h00 hul eksamen antwoordstelle kontroleer. Hulle moet in skooldrag geklee wees.

CHECKING OF MARKS

Learners can check their exam answer papers on Monday, 4 December, from 8h30 to 10h00. They must wear their school uniforms.

RAPPORTE

- Gr 8-11 leerders se rapporte word op **12 Desember** by die skool uitgedeel.
- Leerders of hul ouers moet die rapporte tussen **8h30 en 9h30** kom afhaal.
- Leerders moet in skooldrag geklee wees.
- Ouers kan ook op 13 Desember, vanaf 9h30 hul kinders se punte op die d6+ besigtig.

GR 12- NSS EKSAMEN NASIENERS

Baie sterkte aan die volgende personeellede wat vanaf 6 Desember, die gr 12 NSS-antwoordstelle nasien:

Mnr Christopher van Niekerk (Senior nasiener: Besigheidstudies)
Me Danelle van Niekerk (Senior nasiener: Wiskundige Geletterdheid)
Me Aliesha Odendaal (Geografie)
Me Elza Olivier (Lewenswetenskappe)

TWEEKAMP

Baie geluk aan die volgende BD's wat die afgelope naweek aan die Bonnievale Tweekamp-wedloop deelgeneem en pragtig presteer het. Al drie hierdie langasems is in gr 8, so as O.14's moet hul in veel hoër kategorieë deelneem. Beslis BD's met deursettingsvermoë!

Rémy Wessels (links): 1ste DO.17
Dirk Neethling (middel): 4de SO.17
Nina Terblanche: 8ste DO.17



HANDBOEKE 2024 / TEXT BOOKS 2024

Handboeke kan reeds vanjaar verkry word. Dit is gratis en word deur die skoolgeld gedek. Die tye vir die afhaal van u kind se boeke word langsaan aangedui.

Textbooks can already be obtained this year. It is free and is covered by the school fees. The times for collecting your child's books are indicated as shown.



HANDBOEKE
2024
11 Desember
Graad 12 08:30-09:30
Graad 11 09:30-10:30
Graad 10 10:30-11:30
Graad 8 13:15-14:30
12 Desember
Graad 9 10:00-11:00
Gr 10-12 11:00-12:00
Bring asseblief 'n pen saam.

TEXTBOOKS
2024
LAST CHANCE
16 January
Seniors (Grade 10-12)
09:00-12:30
Juniors (Grade 8-9)
12:30-14:00
Please bring a pen on the day.

SKRYFBOEKE 2024 / WRITING BOOKS

Ouers is in 2024 self verantwoordelik vir die aankoop van hul kinders se skryfboeke en een riem papier (vir fotostate). Dis 'n beheerliggaambesluit wat by die oueraand van 2 November 2023 goedgekeur is. Ouers kan by enige winkel die skryfboeke koop, maar ons beveel die volgende verskaffers aan omdat u aanlyn kan bestel en die skool tussen 5% en 10% terugbetaling op aankope ontvang.

Boost Procurement

Waltons

Ons beveel ook ons plaaslike winkel, **Premium Computers**, aan.

Al drie verskaffers het 'n graadpakket waarin al die nodige skryfboeke en 'n riem fotostaatpapier is. Die pryse wissel tussen R280 en R400 vir die verskillende grade.

In 2024, parents are responsible for purchasing their children's writing books and one ream of paper (for photocopies). It is a Governing Body decision that was approved at the Parents' Evening on 2 November 2023.

Parents can buy the writing books from any supplier, but we recommend the following suppliers because you can order online and because the school receives between 5% and 10% rebate on purchases

Boost Procurement

Waltons

We also recommend our local store, **Premium Computers**.

All three suppliers have a grade pack containing all the necessary writing books and a ream of photocopy paper. The prices vary between R280 and R400 for the respective grades

Maak dus asseblief seker dat u kind se skryfboeke en een riem fotostaatpapier by die skool is op Woensdag, 17 Januarie 2024.

Elke leerder moet ook 'n Casio-sakrekenaar, model fx-82ZA PLUS of model fx-991ZA PLUS, hê.

Please ensure that your child's writing books and one ream of photocopy paper are at school on Wednesday, 17 January 2024.

Each learner must also have a Casio calculator, model fx-82ZA PLUS or model fx-991ZA PLUS.

Die graadpakkette word per graad whatsapp-groep aan u gestuur. Gr 10-12 leerders moet slegs die boeke vir die betrokke vakke wat hulle neem, kies.

The grade packages are sent to you by grade whatsapp group. Gr 10-12 learners must only choose the books for the relevant subjects.



OWRM SKENK ELEKTRONIESE TELBORD VIR BD-HOKKIE

BD-hokkiespelers is in die wolke met **Overberg Wealth & Risk Management** se skenking van 'n elektroniese telbord!

Baie dankie aan me Luzaan Zietsman (gr 8-ouer in 2024) wat al die reëlins getref het.

Mnr Abri Dickason het hierdie OWRM-borgskap goedgekeur, daarom verdien hy 'n baie groot dankie.

Ons is ongelooflik opgewonde en sien uit om ons OWRM-elektroniese telbord volgende jaar by die glaskasteel en astrobaan te gebruik.

Dankie **OWRM!**



Agter vlnr: Tamryn Temmers, Hesmari van der Merwe, Anelmari van Niekerk, Johané Beukes en Amy Davids
Voor vlnr: Viola Cupido, Dea-né Daniells, Morgan Sykes



Jumeri Beukes en haar ma



Nazlee Slingers verlaat die saal onder groot toejuiging van gr 12-ouers



Mnr & mev Van Niekerk groet hul laaste BD-spruit, Anelmari

Hiep Hiep Hoera

Uit-ein-de-lik is die eindeksamen klaar. Uitroepe van vreugde het opgeklank toe HSB se 90 matrikulante vanmiddag die eksamenlokaal vir oulaas verlaat het. Groot was hul verbasing toe hul ouers en opvoeders hulle buite die saal ingewag het om in hierdie kosbare oomblik in hulle lewens te deel. Nou wink die wye wêreld vir hulle. Vlieg hoog, BD-matriekklas van 2023



WYNLANDE JUKSKEI

Baie sterkte aan Markus de Villiers, gr 11, met sy deelname aan die SA Jukseikampioenskappe.

Markus neem vanaf 8 November, in Kroonstad, vir die Wynlande O.18-Jukseispan deel.

Die BD's is trots op jou, Markus. Gaan gooi daai skeie en wys jou slag!



BOLAND DOGTERSKRIEKET

Anelmari van Niekerk, gr 12, neem vanaf 8 Desember in Kaapstad vir die Boland O.18A-dogterskrieketspan aan die Nasionale Kampioenskappe deel. Sy het in 2022 ook dié prestasie behaal.

Anelmari, ons weet jy lewer 'n uiters waardevolle bydrae tot die span en wens jou alle voorspoed toe. Geniet elke oomblik!

WEAR YOUR Support!

BD's SUPPORTER Clothing

| | |
|----------|------|
| Jacket | R400 |
| Hoodie | R300 |
| Umbrella | R250 |
| Caps | R120 |
| Bufs | R100 |

AVAILABLE FROM NOV 2023

ORDER AND FIT AT **STAR SIGNS**

082 5008 240 | 41 Dutekant Ste Bredasdorp